# Lesing 30 - 9 April 2022 - Die Laatreëns vir Dogter van Sion Bruid

Openbaring 33 ontvang aan Daniel op 25/09/18

"**En daar was 'n Ligwiel in Sion**. Hulle het in vrolikheid die Liefdes-asem deur ramshorings geblaas in die vier hoeke van die aarde. Soos die Sewe en die Twaalf gedans het in MY Hemele, net so het hulle gedans op die Wiel deur MY geskape. **'n Volk in die Suide was herstel tot MY Gewyde Wil.** Die Vier het gekom en op die Wiel verenig en in die Winde vanuit die Draaiende Wiel **was daar 'n vlag…** en EK was daar as die volk se Elohim en Skepper; EK was daar in hulle midde omdat hulle harte LIEFDE verkies het… **en op die aanbreek van die Sewende Dag het die mure geval…"**

Openbaring 34 ontvang op 25/09/18

"…en die duisternis het hulle nie oorweldig nie, omdat hulle bekragtig was deur die Oorspronklike LIG Homself, die Meester van alle lewe. Hulle het die LIG-ENERGIE deur hulle sieledele laat vibreer deur die geklank van Liefdeswerke en daarom het die Meester Sy intrede geneem **in die Geloftehuis wat gebou was in die Suide.** Die Seën van die Meester was Hemele-Klank wat die volk verenig het met HOM wat die Nuwe Jerusalem tot voleinding geweef het met SY Wysheid en Krag! **Die Kandelaar, die Reënboog en die Ligwiel het verenig** en die materie was verlos deur die Barmhartigheid en Liefde van die VADER; HY wat SY Boodskappers beveel het op die uur van Bloedrivier **en so ook die tweede, maar dit was nie soos die eerste…** Elohim het Self intree geneem en uit SY Ontferming het HY aan hulle die Oorwinning gegee **omdat hulle die Kandelaar begryp het in die Tabernakel en so HAAR gevind het wat die MEESTER aan hulle gestuur het vir die Roep na LEWE en VOLMAAKTHEID."**

Openbaring 35 ontvang op 25/09/18

"Kinders van MY LIEFDE, wees bereidwillig met aktiewe liefdeswil om te besef dat aan MY Beloftes 'n Voorwaarde gestel is om sodoende MY Woorde binne julle te aktiveer en dus deur MY Woord, MY skepping tot stand gebring word in julle. Hierdie Beloftes van MY julle VADER moet met Erns opgeneem word en daarmee sal nie ligtelik omgegaan kan word nie. Julle moet met vurig-wil hierdie Voorwaarde van MY werkend en met Geloof tot die lewende daad oorbring in julle. MY Enigste Voorwaarde is MY Twee: **LIEFDE BO ALLES tot MY julle VADER en LIEFDE tot julle broers en susters, jul naaste wat EK ook liefhet!**

Dit is genoeg vir nou MY kind en wees gehoorsaam in alle opsigte en aspekte sodat EK jou voete kan rig op MY Weë van LIEFDE."

Openbaring 36 ontvang op 01/10/18

My woorde van hartseer: "Die smarte van sonde.

Hoeveel smarte moet hierdie volk nog tref en hoeveel strafgerig moet nog voltrek word voordat die volk luister na die Liefdesroep van Vader? Ons land, die land van bloedriviere en tranespore. **O Kain waar is jou broer?!"**

Toe spreek VADER in my hart:

"Abel, jou broer het jou verraai, maar EK sal MY Toorn van Swael oor hom bring omdat hy die slangstreek in sy bloed het, wat sy hart met hoogmoed en jaloesie besoedel het! **Ja, die hedendaagse Kain wat jou, MY Geloftevolk, wil vermoor en die aarde jou bloed wil laat drink!** Maar EK DIE ALMAGTIGE VADER sê in die Wysheid van MY OERGRONDPOOL van EWIGE LIEFDE: MY LIEFDE VERTEER! MY LIEFDE neem en gee! MY LIEFDE maak of breek, maar kan nooit totaal vernietig nie omdat ALLES vanuit MY LIEFDE voortgekom het!

MY kind, kyk daar! Daar loop hulle rond! Hulle begeer die bloed van MY kinders, MY Geloftekinders! **Hulle sweer en lê 'n eed af met die donker duisternis!** Hulle **harte van Gibraltar (Brits-beheerde gebied/krag/rots)** sleep hulle rond en stort hulle in die afgrond in waar MY GEES nie welkom is nie! Hulle verwerp MY DIE ALMAGTIGE en laster MY WOORD! As hulle net besef het WIE EK eintlik IS!

MY Barmhartigheid sal oor MY Uitverkore kinders reën en MY Verlossing sal geen perke ken nie! Want EK IS WAT EK IS! EK BREEK en EK MAAK NUUT! **EK sal vanuit MY LIGWIEL 'n Sikloon SPREEK deur die Woord van MY MOND** en hulle wat nie in MY LIEFDE verseël was **deur om MY LIEFDESLEER aan te neem nie**, sal nie MY Koninkryk betree en **MY NUWE JERUSALEM** bewoon saam MY nie. EK het julle presies kom wys op MY aardse lewe wat julle behoort te doen om julle siele te reinig en om terug te kom na julle VADER se Huis. Maar ongelukkig toe EK gesê het dat MY Koninkryk nie van hierdie wêreld is nie, het baie MY verlaat omdat hulle 'n fisiese materiële koninkryk wou gehad het volgens hulle eie sienings en dwase geloofs-oortuigings. **Tot vandag toe soek meeste van MY kinders so 'n koninkryk wat nie deur MY verorden is nie** en wat NOOIT julle siele sal genees en vervolmaak tot MY EWIGE VOLMAAKTE LIEFDE nie.

Elkeen van julle antwoorde MY kinders **sal julle in julle harte by MY vind**, omdat net in julle harte die BRON van Ontkieming lê om die LIEFDE te laat groei tot MY en julle naaste. NET deur MY sal julle die WAARHEID vind en **deur GEEN politieke party of wêreldse leier sal julle gered word volgens MY EWIGE GEWYDE WIL NIE!**

Maar die eindbestemming lê opgesluit in die keuse van julle vrye wil, wat EK ook vir julle toegestaan het vanuit MY VADERHART. EK IS LIEFDE en **net deur LIEFDE kan julle MY vind en ook SIEN!** Wees vrolik MY werkers van LIEFDE, want julle beloning is GROOT BY MY! Maar wees altyd nederig en VERTROU op MY Stem in julle harte en **laat Sy julle in Waarheid en Gees lei op die Weg van Verlossing en sielesuiwering**. Julle sal moet mekaar ondersteun in LIEFDE en GELOOF in MY. Moenie moed verloor nie, MY dierbare kind, want jy sal sien dat EK IS HIER!

Die smarte van sonde MY kinders, dit kan opgelos word en van julle af weggeneem word en EK SAL ELKE TRAAN AFVEE as julle MY net sal toelaat en MY sal gehoorsaam met julle hele hart! EK IS LIEF VIR JULLE!

**Spreek MY Seën uit en blaas op die ramshorings MY kinders, MY Dogter!** Wees geseënd binne MY VADERHART! Bly staande in MY en WAG OP MY!"